KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE PATAGONIESE TANDVIS (*"Patagonian Toothfish"*) VISSERY : 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3
2. Biologiese en brondinamika 4
4. Toekennig van eksperimentele permitte 6
5. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6
6. Tydsduur van regte en beperking van visvangpoging 7
7. Nuwe inkomelinge 7
8. Evaluasiekriteria 7
8.1 Uitsluitingskriteria 8
(a) Vorm van aansoeker 8
(b) Wetsnakoming 8
(c) Papierkwota's 8
(d) Toegang tot 'n geskikte vaartuig 8
8.2 Balanseringskriteria 9
(a) Transformasie 9
(b) Belegging in die visvangvissery 9
(c) Kennis van die visvangvissery 10
(d) Deelneming aan die eksperimentele visvangvissery 10
(e) Byvangste en storting 10
(f) Vermoë om met visvangbedrywighede 'n aanvang te neem 10
(g) Werksgeleenthede 10
(h) Wetsnakoming 11
8.3 Kwantumkriteria 11
9. Geskikte vaartuie 11
10. Multi-sektorale betrokkenheid 12
11. Aansoekgelde en heffings 12
12. Bestuursmaatreëls 12
12.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visvangvissery 13
12.2 Mariene beskermde gebiede 13
12.3 Konsolidasie deur deelnemers 13
12.4 Vaartuie en visvangpoging 14
12.5 Verslagdoening 14
13. Evaluering van prestasie 14
14. Waarnemersprogram 15
15. Permitvoorwaardes 15

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar aangaande die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte vir die Patagoniese tandvis- (*Dissostichus eleginoides*) vissery en word uitgereik deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene- en Kusbestuur ("die Departement"). Belanghebbende en gEBVfekteerde partye word aangeraai om hierdie beleid saam te lees met die Konsep van die Algemene Beleid aangaande die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("*die Algemene Visvangbeleid*"). Belanghebbende en gEBVfekteerde partye moet teen 4 April 2005 skriftelik kommentaar lewer. Kommentaar wat na hierdie datum ingedien word sal nie oorweeg word nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die Patagoniese Tandvis-vissery uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Hulle is in die verlede deur die Departement gebruik by die toekenning van regte. Hierdie beleid verteenwoordig tewens 'n dokumentasie van sodanige beleid maar 'n paar veranderings en toevoegings word ingesluit.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings in verband met die toekenning van regte verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandboek vir die Patagoniese Tandvis-vissery sal met regte-houers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in die fynste besonderhede die bestuursmetodes en -prosedures vir die vissery uitstippel.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om artikel 18-magte, in terme waarvan kommersiële visvangregte vir die Patagoniese Tandvis-vissery toegeken word, ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne 18 van 1998 ("*die WLMH*") aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Biologiese en brondinamika

Patagoniese tandvis, ook bekend as die Chileense seebaars, is 'n diepwater-, bodemspesie wat gevind word op sub-Antarktiese kontinentale platte tot op 'n diepte van 3 000 meter. Verskeie lande kan aanspraak maak op Patagoniese tandvis wat voorkom in die uitsluitlike ekonomiese sones (EES) van Chile, Argentinië en vele ander lande wat soewereiniteit oor suidelike eilande in die Oseaan het. Suid-Afrika se EES om die Prince Edward-eilande is 'n belangrike visvanggebied vir Patagoniese tandvis. Die grootste gebied waarin die Patagoniese tandvis voorkom is in die oop see.

Patagoniese tandvis leef langer as 50 jaar en bereik 'n lengte van meer as twee meter. Volwassenheid word bereik tussen die ouderdom van ses en nege jaar, met 'n lengte van 70 tot 95 sentimeter. Hulle broei in winter op kontinentale platte, maar eiers broei eers in die lente uit.

3. Sektorale profiel

Wêreldwye vangste van Patagoniese tandvis het redelik afgeneem sedert die ontstaan van die vissery in die laat 1980s. 'n Kombinasie van die hoë waarde van die spesie, sy laat volwassenheid en sy voorkoms in die oop see het daartoe gelei dat die vissery amper in duie gestort het aangesien onwettige, ongereguleerde en onaangemelde (IUU) visvangste buitensporige vlakke bereik het. Suid-Afrika se gebied rondom die Prince Edward-eilande is uitvoerig geteiken en CCAMLR skat dat tussen 1996 en 1998 so veel as 32 000 ton tandvis, ter waarde van US$100 miljoen onwettig in die PEI-EEZ gevang is. Patagoniese tandvis is met treilnet en langlyn gevang. Laasgenoemde metode het 'n rampspoedige impak op seevoëls, veral albatros en stormvoëls gehad.

Suid-Afrika het die oes van Patagoniese tandvis vanaf 1996 gemagtig. Nadat die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne in 1998 uitgevaardig is, is die vissery as eksperimentele visvangvissery ingevolge artikel 83 gereguleer.

In 1996, het die Departement van Omgewingsake en Toerisme vyf eksperimentele permitte (ingevolge die Wet op Seevisserye van 1988) uitgereik vir die oes van Patagoniese tandvis binne die EEZ van die Prince Edward-eilande ("die PEI-EEZ"). Sedertdien het die Minister van Omgewingsake en Toerisme jaarlikse totale toelaatbare vangste ("TTVs") vir hierdie vissery vasgestel. Die TTV vir die visvangseisoen 1996/1997 is op 2 500 ton vasgestel. Die TTV vir die eksperimentele tandvis-vissery het egter geleidelik afgeneem en is op 500 ton vir die 2003/2004-seisoen vasgestel.

Die Prince Edward-eilande is binne die regsgebied van die Commission for the Conservation of Antarctic Marine Living Resources ("CCAMLR") se jurisdiksie geleë. Suid-Afrika is 'n stigterslid van CCAMLR, 'n streeksvisbestuurorganisasie wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die monitering en toekenning van visvangregte vir Patagoniese tandvis in Antarktiese waters. Patagoniese tandvis is deur stropers geteiken aangesien tandvis 'n gesogte wit vis op Asiese en Noord-Amerikaanse markte is. Patagoniese tandvis is 'n hoë-gehalte wit vis wat tot pryse van tot US$7 000 per ton haal. Dit is die vis se hoë waarde wat bygedra het tot die grootskaalse onwettige, ongereguleerde en onaangemelde ("IUU") vangste in die sektor.

Stroping in die PEI-EEZ is onder beheer gebring. Die vissery sal kommersieel volhoubaar bly, indien dit doeltreffend gereguleer met deelnemers word, ingevolge die Riglyne wat deur CCAMLR vasgestel is. Die Departement het besluit om langtermyn kommersiële visvangregte in hierdie vissery toe te ken.

Die vissery is 'n hoë risiko, uiters kapitaal-intensiewe vissery, waar van regtehouers vereis word om aansienlike beleggings te maak in vaartuie, toerusting, navorsing en bemarking. Aanvangskoste verg 'n kapitaalbelegging van verskeie miljoene rand en operasionele koste is massief hoog.

4. Toekenning van eksperimentele permitte

Kommersiële visvangregte is nog nie in hierdie vissery toegeken nie. In 1996 is vyf eksperimentele permitte om Patagoniese tandvis te vang, uitgereik. Na mate die TTV afgeneem het, het die vyf eksperimentele permit-houers saamgespan, ten opsigte van koste en werk deur die drie vaartuie na twee te verminder. Vier van die operateurs het 'n gesamentlike sake-ooreenkoms aangegaan om een vaartuig te gebruik en het hul hulpbronne doeltreffend saamgepoel om Patagoniese tandvis in die PEI-EEZ te vang. Die vyfde permit-houer opereer in die PEI-EEZ en op die oop see binne die CCAMLR-gebruiksgebied.

5. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte vir die toekenning van langtermyn visvangregte in die Patagoniese tandvis-vissery is om:

- Suid-Afrikaanse vaartuie in die PEI-EEZ en op die oop see in die CCAMLR-gebied te verseker om IUU-vangste af te skrik.
- Die transformasie-profiel van die vissery te verbeter.
- Belegging in Suid-Afrikaanse vaartuie, infrastruktuur en werksgeleenthede aan te moedig;
- Die vermybare byvangste en verliese aan vangste wat met langlynvangste verbind word, te verminder deur alternatiewe visvangmetodes te ondersoek;
- Die ekonomiese lewensvatbaarheid van die vissery te ondersteun; en
- Die omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te ondersteun.

Sekere oorwegings oor voorgenome bestuursbeleid aangaande regte-toekenning word breedweg hieronder uiteengesit.

6. Die tydsduur van regte en beperking van pogings

Met inagneming van –

- Die bedenklike biologiese toestand van die bron;
- Die feit dat aansienlike kapitaalbeleggings vereis word in die vissery;
- Die feit dat aansienlik meer data oor die biologie van die Patagoniese tandvis benodig word;
- Dit nodig is om die aantal werksgeleenthede in die vissery te handhaaf; en
- Die doelwitte van CCAMLR,

sal die Departement kommersiële regte vir 'n periode van nie langer as 10 jaar (01 Januarie 2006 tot en met 31 Desember 2015) toeken. Elke regtehouer sal egter gereeld volgens voorafbepaalde prestasiekriteria getoets word.

Ten opsigte van die poging wat toegelaat sal word in hierdie vissery, is die Departement voornemens om die aantal vaartuie in hierdie vissery tot twee te beperk.

7. Nuwe inkomelinge

Regte is ingevolge artikel 18 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne nie tevore vir Patagoniese tandvis toegeken nie. Dus is daar nie bestaande regtehouers nie. Die Departement sal aansoeke van entiteite ontvang ongeag of hulle 'n eksperimentele permit vir hierdie vissery gehou het. As gevolg van die bedenklike toestand van die bron, kan nie meer as vyf regtehouers akkomodeer word nie. Hoewel die Departement nie die moontlikheid uitsluit dat eksperimentele regtehouers vervang sal word nie, is dit onwaarskynlik dat enige ander aansoekers toegelaat sal word.

8. Evaluasiekriteria

Aansoeke om kommersiële visvangregte vir Patagoniese tandvis sal in terme van uitsluitings- en balanseringskriteria geëvalueer word.

8.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe die kriteria wat in die algemene beleid verskyn oor die indiening van aansoeke en wesenlike defekte, sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) Vorm van die aansoeker: Slegs aansoeke van entiteite geïnkorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, Wet 69 van 1984 en die Maatskappyewet, Wet 61 van 1973, sal oorweeg word. Aansoeke van natuurlike persone (d w s individue of alleen-eienaars) sal nie in aanmerking kom nie.

(b) Wetsnakoming: Regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge die WLMH (sonder die opsie om 'n boete te betaal), die Seewet, die Konvensie, verklaring of verdrag van CCAMLR, of die bepalings van enige ander land se mariene- en/of visvangwette, sal nie 'n reg vir Patagoniese tandvis toegeken word nie. Regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wie se visvangregte gekanselleer of ingetrek is ingevolge die WLMH, sal ook nie regte vir die Patagoniese tandvis-vissery toegeken word nie.

Regtehouers, insluitende hulle direkteure of beherende aandeelhouers, wat tans ondersoek word vir oortreding van enigeen van die wette of regsinstrumente hierbo gelys, hetsy krimineel of administratief, sal nie regte vir die Patagoniese tandvis-vissery toegeken word, voordat die ondersoek nie afgehandel is nie.

(c) Papier-kwota's: Papier-kwota's soos in die Algemene Beleid uiteengesit, sal uitgesluit word.

(d) Toegang tot 'n geskikte vaartuig: Aansoekers moet bewys kan lewer dat hulle 'n reg tot toegang tot 'n geskikte vaartuig beding het. (***sien paragraaf 9 hier onder***).

8.2 Vergelykende balanseringskriteria

Regtehouer-aansoekers en potensiële nuwe inkomelinge sal geëvalueer word in terme van die volgende balanseringskriteria, waaraan verskillende gewig toegeken sal word, ten einde die sterkte van elke aansoek te bepaal:

(a) Transformasie

Die Departement se doelwit vir proses van toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie visvangvissery, is om die huidige vlakke van transformasie in stand te hou, of te verbeter. Soos deur die Algemene Visvangvisserybeleid vasgestel sal die aansoekers evalueer word volgens -

- Die persentasie swart persone en vroue wat op eienaarsvlakke en uitvoerende bestuursvlakke verteenwoordig is;
- Of werknemers aandeelhouers van die aansoeker is en voordele wat hulle hieruit kry;
- Regstellende aankope;
- Die aantal swarte persone en vroue op die verskillende vlakke benede uitvoerende bestuur;
- Nakoming van die Wet op Gelyke Indiensname, asook van alle wetgewing oor vaardigheidsontwikkeling en visvangheffings. Aansoekers wat nie aan hierdie wette voldoen nie, mag 'n kommersiële reg geweier word; en
- Korporatiewe maatskaplike belegging.

(b) Belegging in die visvangvissery

Aansoekers sal geëvalueer word volgens:

- Beleggings in geskikte vaartuie. In hierdie verband sal beleggings in die vorm van aandele of koopkontrakte in aanmerking geneem word. Aansoekers mag beloon word vir die sluiting van skeepshuurooreenkomste of vangste-ooreenkomste; en

- Belegging in en toegang tot markte vir Patagoniese tandvis.

(c) Kennis van die vissery

Daar sal van aansoekers sal verwag word om bewys te lewer dat hulle investeer het in die nodige kennis om Patagoniese tandvis te vang.

(d) Deelneming aan die eksperimentele visvangvissery

Aansoekers wat suksesvol deelgeneem het aan die eksperimentele visvangvissery vir Patagoniese tandvis sal voorkeur geniet. In hierdie verband sal die Departement onder andere vangsteprestasie, verslagdoening en nakoming van permitvereistes en bewaringsmaatreëls van CCAMLR, oorweeg.

(e) Byvangste en storting

Daar sal van aansoekers vereis word om aan te toon watter belegging hulle gemaak het, of sal maak, in metodes om byvangs te temper en verminder en watter maatreëls hulle tref om te verseker dat seevoëlmortaliteit vermy, en byvangste verminder word.

Die storting van vis word verbied en regtehouers wat gevang word by die stort van vis mag nie ‘n reg toegeken word nie, of indien ‘n reg reeds toegeken is, mag die reg ingevolge artikel 28 van die Wet ingetrek word.

(f) Vermoë om met visvangbedrywighede te begin

Voorkeur sal verleen word aan aansoekers wat kan bewys dat hulle instaat is om kort nadat ‘n reg toegeken is, met visvangbedrywighede te begin.

(g) Werksgeleenthede

Hoewel hierdie ‘n klein vissery met min werkers is, sal voorsiening van gehalte-werksgeleenthede in aanmerking geneem word. Die Departement sal aansoekers verkies wat hulle werknemers voorsien met -

- Voltydse werk;
- Mediese bystand en pensioen;
- Enige ander indiensnemingsvoordele; en
- Veilige werksomstandighede.

Werksgeleenthede per ton vis toegeken tydens die eksperimentele fase, mag oorweeg en in aanmerking geneem word. Die Departement sal ook die loonverskille tussen die hoogste en laagste besoldigde werknemers in ag neem.

(h) Wetsnakoming

Geringe oortredings van die WLMH, insluitende die Regulasies, deur die aansoeker, die direkteure of beherende aandeelhouers sal daartoe lei dat die aansoeker gepenaliseer word.

8.3 Kwantumkriteria

Kwantum sal toegeken word met verwysing na die vangstevermoë en waar van toepassing, die vorige prestasie van 'n aansoeker. Die Departement sal suksesvolle aansoekers hieroor konsulteer voordat permitte uitgereik word.

9. Geskikte vaartuie

'n Geskikte vaartuig in die Patagoniese tandvis-vissery is 'n vaartuig wat :

- 'n minimum SAMSA-gesertifiseerde lengte van ongeveer 40 meter het;
- toegerus is met 'n funksionerende vaartuigmoniteringstelsel;
- aangepas is vir langlynwerk en in staat is om vispotte te dra;

- teen ys versterk is (indien die aansoeker voornemens is om suid van 60° Suid te vang);
- nie deur enige internasionale of streeksvissery-organisasie geswartlys is nie; en
- van 'n Suid-Afrikaanse vlag voorsien is. Die Departement sal 'n vaartuig met 'n buitelandse vlag as geskik ag, indien die vaartuig voldoen aan al die bogenoemde vereistes en die eienaar van die vaartuig skriftelik onderneem om die vaartuig binne 12 maande na toekenning van die regte van 'n Suid-Afrikaanse vlag te voorsien.

10. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die Patagoniese tandvis-vissery word nie verhinder om regte te hou in enige ander Groep A- en Groep B-visserye nie. Regtehouers in die Patagoniese tandvis-vissery (met inbegrip van hulle beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële visvangregte in Groep C- en Groep D-visserye te hou nie.

11. Aansoekgelde en heffings

Die aansoekgeld vir die Patagoniese tandvis-vissery sal vasgestel word met inagneming van:

- die koste van die algehele regtetoekenningsproses, met inbegrip van konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste aangegaan in die mediumtermyn proses as riglyn dien; en
- die waarde van die vis wat toegeken word oor die tydsduur van die reg.

Die jaarlikse heffings wat betaalbaar is met ingang van 01 Januarie 2006 sal hersien word, in oorleg met gEBVfekteerde en belanghebbende partye.

12. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek word, bevat sommige van die Departement se hoofvoornemens vir die bestuur vir hierdie visvangvissery nadat regte toegeken is.

12.1 Ekosisteem-benadering tot bestuur van visvangvissery

Hierdie visvangvissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteem-benadering tot die vissery ("EBV"). 'n Ekosisteem-benadering tot die bestuur van vissery is 'n holistiese en geïntegreerde beleid wat erkenning gee daaraan dat visvang en gepaardgaande land-gebaseerde bedrywighede die breë mariene omgewing kan beïnvloed. Hierdie deel van die Patagoniese tandvis-beleid is egter nie daarop gerig om 'n beleidsverklaring oor EBV in die Patagoniese tandvis-vissery te maak nie. Die EBV in die Patagoniese tandvis-vissery sal verder in die Bestuurshandboek vir die Patagoniese tandvis-visvangvissery uiteengesit word. Suid-Afrika bly gebonde tot 'n teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van 'n EBV in die kommersiële visvangvissery.

12.2 Mariene beskermde gebiede

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om 'n Mariene Beskermde Gebied in die omgewing om die Prince Edward-eilande te verklaar. Hiermee hoop die Departement om die unieke biodiversiteit van die sub-Antarktiese eilande en die omliggende waters te bewaar. Op hierdie stadium is die bedoeling om visvangbedrywighede in die gebiedswaters (d w s die mariene gebied binne 12 seemyl) te verbied en permit-beheerde visvangste in die waters buite die 12 seemyl-perk toe te laat. Die Minister sal egter mettertyd met alle belanghebbende en geaffekteerde partye oor hierdie aangeleentheid beraadslaag.

12.3 Konsolidasie van deelnemers

Soos hierbo gesien, is eksperimentele permitte vir Patagoniese tandvis aan vyf deelnemers uitgereik. Vier van hierdie permithouers het hulle werksbedrywighede gekonsolideer, Tans is daar net twee vaartuie in die eksperimentele vissery werksaam. Konsolidasie is dus nie van enige besondere belang in hierdie vissery nie.

12.4 Vaartuie en visvangpogings

Soos in ***paragraaf 6*** hierbo verklaar, is die Departement voornemens om die gebruik van slegs twee vaartuie vir hierdie vissery te magtig. Die vaartuie moet toegerus wees om met langlyne te vang en geskikte toerusting te gebruik om voël-byvangste te beperk. Verder sal die vaartuie toegelaat word om vispotte te dra.

12.5 Verslagdoening

Alle regtehouers in hierdie vissery moet streng by verslagdoeningsmaatreëls hou om te verseker dat hulle, en Suid-Afrika, voldoen aan internasionale vereistes vir hierdie visvangvissery. Regtehouers sal in die besonder moet voldoen aan die vereistes van die *Dissostichus* Catch Document (*DCD*) deur CCAMLR uitgereik, en deur middel van Vaartuigmoniteringstelsels (VMS) verslag doen. Elke landing van Patagoniese tandvis moet vergesel word van 'n DCD en die Hawestaat moet die posisie van die vangste nagaan deur die VMS-kartering wat deur die vaartuig verskaf word, te ondersoek.

13. Die meet van prestasie

Die Departement sal 'n aantal formele ondersoeke instel om prestasie in die gebruik van regte te meet. Daar word beoog om die eerste prestasiebepaling na twee jaar uit te voer en elke drie jaar daarna.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet word, na die toekenning van kommersiële visvangregte sal finaliseer, kan die volgende breë prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie en toerusting;

- volhoubare gebruik, en in besonder die biologiese en ekologiese gevolge van langlyn- en potvisvangste;
- Nakoming van toepaslike wette en regulasies (nasionaal asook internasionaal).

14. Waarnemersprogram

Die Departement se huidige waarnemersprogram sal uitgebrei word om waarneming vir wetstoepassingsdoeleindes in te sluit. Van regtehouers sal verwag word om 'n waarnemer op elke vaart saam te neem. Van regtehouers word verder verwag om die koste van die waarnemerprogram te dra.

15. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie visvangvissery sal jaarliks uitgereik word. Die permitvoorwaardes van die eksperimentele visvangvissery vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en gEBVfekteerde partye word uitgenooi om op hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer.